



HOËRSKOOL FICHARDTPARK

Rekeningnommer

Belangrike inligting : neem asseblief die tyd om te lees

FINANSIËLE INLIGTING 2019

Geagte Ouer/s

Leerder : _____

Graad : _____ / _____

Rekeningnommer : _____

U word hiermee vriendelik versoek om die vorms op die agterkant sowel as “**Annexure A**” te voltooi, te onderteken en ’n bewys van adres aan te heg en onverwyld terug te stuur na u kind se klasregisteronderwyser.

Annexure A hierby aangeheg handel in terme van die Onderwysregulasies soos gepubliseer in die Staatskoerant no. 29311 en soos vervat in die SA Skolewet no 84 van 1996. Dié vorm is volgens bogenoemde wet verpligtend al het u reeds kennis gekry van al die betrokke vrae.

Neem asseblief kennis dat Hoërskool Fichardtpark ’n skoolgeldbetalende skool is.
Skoolgelde is dus statutêre skuld

Die sperdatum van inhandiging is **31 Januarie 2019**.

U word ook versoek om ’n afskrif vir u eie rekords te maak en te bewaar.

Baie dankie vir u samewerking.

H VAN DER MERWE
SKOOLHOOF

F ALBERTS
VOORSITTER: BEHEERLIGGAAM

2018/11/19



BELANGRIKE FINANSIËLE INLIGTING

1. REKENINGE

- a. U **rekeningnummer** moet asseblief te alle tye gebruik word as verwysing indien u inbetalings per internet of aftrekorder doen, bv 0001. Indien u ander uitgawes ook betaal, sal u verwysing dus as volg wees: 0001 + VBS (Verbruikerstudie), **of** 0001 + Koor **of** 0001 + Gr 8 toer. ***Betalings sonder die korrekte verwysing kan nie teen u betrokke rekening gekrediteer word nie.***
- b. Indien u **een bedrag** oorbetaal vir meer as een uitgawe en nie genoeg spasie op u internet bank se beskrywingskolom het nie, **moet** u asseblief 'n uiteensetting aan die finansiële kantoor **faks** (086 725 8030) of **e-pos** (finans@fpark.co.za).
- c. **Debietorders** wat deur die skool ingestel word **MOET** elke jaar hernu word. Aftrekorders wat deur u bank ingestel is, moet deur **u self aangepas word**. Indien u debietorder deur die bank geweier word op enige stadium, word die volle skoolgeld vir die jaar onmiddellik opeisbaar en betaalbaar soos in punt 1.f hieronder. As 'n debietorder nie deurgaang nie a.g.v. 'n tekort aan fondse, sal 'n administrasiefooi van **R50** by u rekening gevoeg word. Lees die Debietorderaansoek se voorwaardes.
- d. U word vriendelik versoek om nie u skoolgeld per tjek/kontant te betaal nie, aangesien daar 'n risiko aan verbonde is. U kan u betalings **elektronies** of per **kaart** betaal. **Die skool het kaartfasiliteite vir krediet- en debietkaart betalings.**
- e. Indien u 'n **rekeningnavraag** het, meld asb u rekeningnummer. Navrae i.v.m u rekening kan gedoen word by die **Debiteureklerk – e-pos (skoolgeld@fpark.co.za)**
- f. Volgens die Skolewet is die volle uitstaande skoolgeld vir die jaar (R14 500 plus R1 400 aanvangsheffing = R15 900 per leerder of balans nog nie betaal vir die volle jaar) **onmiddellik opeisbaar en betaalbaar** indien enige paaiement nie op die vervaldag betaal is nie, dus sodra u rekening agterstallig raak.
- g. Skoolgeld is 'n **statutêre skuld**, u is dus **wetlik verplig** om skoolgeld te betaal en kan vir 30 jaar nadat die skuld aangegaan is, steeds verantwoordelik gehou word vir uitstaande skuld.
- h. Skoolgeld is vrygespreek van die Nasionale Kredietwet en is 'n **prioriteitskuld**. Dit mag dus nie ingesluit word in 'n administrasiebevel nie.
- i. Skoolgeld is **vooruitbetaalbaar**. U het gracie tot die 7^{de} van die maand om die skoolgeld te betaal. Dit is dus **nie aanvaarbaar** dat skoolgeld eers in die middel of aan die einde van die maand betaal word nie.
- j. Begroot asb **vroegtydig** sodat u reeds 7^{de} Januarie die aanvangsheffing en eerste maand se skoolgeld **VOOR** 7^{de} Februarie betaal kan word.
- k. **Beide** biologiese ouers is verantwoordelik vir die betaling van skoolgeld, ongeag hulle huwelikstaat. Indien die skoolrekening agterstallig raak, sal regsaksie **teen beide biologiese ouers** geneem word, ongeag enige onderhoudsooreenkomms tussen die ouers. Die ouers sal verantwoordelik wees vir alle regs-kostes en invorderingskoste aangegaan.
- l. U rekening word vir u gerief na u e-pos gestuur. Stuur alle navrae of bewyse van betalings soos uiteengesit in paragraaf b en e hierbo.
- m. Wanneer 'n leerder die skool verlaat, moet die nodige vorms by die finansiële kantoor afgehaal word.

Naam en Van

Handtekening



2. VRYSTELLING VAN SKOOLGELD

- a. Aansoeke vir vrystelling van skoolgeld word **streng** volgens Departementele vereistes verwerk.
- b. Die Departementele formule neem slegs inkomste (van beide biologiese ouers) in ag, ***geen uitgawes*** nie. Indien jaarlikse skoolgeld tussen 3.5% en 10% van u jaarlikse salaris beloop, kwalifiseer u vir gedeeltelike of volle vrystelling.
- c. ***Aansoekvorms moet persoonlik by die finansiële kantoor afgehaal word.***
- d. **NB** : In die geval van geskeide of enkelopende ouers, moet **beide biologiese** ouers aansoek doen. U moet dus vroegtydig die tweede aansoekvorm aan die ander biologiese ouer besorg.
- e. **U bly verantwoordelik vir die betaling van skoolgeld** totdat u skriftelik in kennis gestel word van die uitslag van u aansoek, u moet dus vroegtydig begroot vir skoolgeld om voorsiening te maak vir die moontlikheid dat u aansoek onsuksesvol gaan wees.
- f. Neem kennis dat die Departement se bydrae tot vrystelling 'n minimale bedrag beloop wat ook in ag neem u kind se teenwoordigheid by die skool. Hierdie minimale bydrae vanaf die Departement word eers 'n jaar later ontvang. Die skool moet begroot vir vrystelling van skoolgeld. Daarom word daar streng na die voorskrifte as riglyne tot goedkeuring gekyk sodat skoolgelde nie vir ouers te hoog word nie.

► **BANKBESONDERHEDE**

Naam van rekening : Hoërskool Fichardtpark
Bank : ABSA Bank
Takkode : 6 3 2 0 0 5
Rekeningnommer : 1 5 7 0 3 2 0 4 5 5
Verwysing : **U skoolrekeningnommer**

(kontak die kantoor indien u nie weet wat u rekeningnommer is nie)

► **FINANSIËLE PERSONEEL**

Finansiële Beampte
Elizabeth Gouws
finans@fpark.co.za

Debiteureklerk (Rekeningnavrae)
skoolgeld@fpark.co.za

REKENINGS - NB – NB – NB

Word per BULK-Mail gestuur. Moet nie daarop antwoord nie. Gebruik bogenoemde vir navrae of bewys van betaling.

Naam en Van

Handtekening

**► ONTVANGSERKENNING**

Hiermee erken ons ontvangs van die dokument **Finansiële Inligting 2019** en aanvaar ons die terme en voorwaardes soos uiteengesit in hierdie dokument. Ons aanvaar aanspreeklikheid vir die skoolgeld soos in hierdie dokument uiteengesit (bladsy 5) en gee toestemming dat indien ons nie die skoolgeld betaal volgens die terme nie, 'n besoldigingsbeslagbevel teen my/ons salarisse toegestaan kan word.

**BEWYS VAN U ADRES SOOS HIERONDER AANGEDUI MOET HIERDIE VORM VERGESEL
(MUNISIPALE REKENING)**

	VADER	MOEDER
Volle name:		
Van:		
Verwantskap indien nie biologiese ouers nie		
Identiteitsnommer:		
Selfoonnommer:		
E-pos: Rekening en alle korrespondensie word gestuur		
Woonadres: (bewys van adres word verlang)		
Werkgewer:		
Beroep:		
Kontak nommer:		
Werksadres:		
Merk met X wie gekontak moet word vir rekeningnavrae		
Handtekening:		
Datum:		



Rekeningnummer

ONDERNEMINGSVORM SKOOLGELD 2019

Skoolgeld: R15 900

Volgens die Suid-Afrikaanse Skolewet is die betaling van skoolfonds **verpligtend**. Die wet bepaal ook dat die hele jaar se skoolfonds vooruitbetaalbaar is voor of op **09 Januarie 2019**. Indien u nie die volle bedrag kan betaal nie, kan daar gereël word dat u die skoolgelde in paaiemente betaal.

Mnr en Mev _____

Ouers/Voogde van:

Leerder:	Graad: _____/_____
Rekeningnummer:	Omsirkel indien van toepassing: Onder administrasie : JA/NEE Maatskaplike Toelaag : JA/NEE Pleegsorg : JA/NEE

onderneem om die skoolgeld volgens die volgende opsie te betaal (**merk u keuse in toepaslike blokkie**):

	OPSIES	BEDRAG	SPERDATUM
	1^{ste} Verpligte paaiement	R1400 (bekend as Aanvangsheffing)	09 Januarie 2019
<input type="checkbox"/>	OPSIE 1 : EENMALIGE BEDRAG	R14 900 min R725 korting = R14 175 (Aanvangsheffing uitgesluit)	1 Maart 2019
<input type="checkbox"/>	OPSIE 2 : PAAIEMENTE X 10	R1450.00 x 10 maande (Aanvangsheffing uitgesluit)	Voor die 7 ^{de} van elke maand.
<input type="checkbox"/>	OPSIE 3 : VRYSTELLING	Volle/ gedeeltelike vrystelling van skoolgeld in terme van die SA Skolewet (Aanvangsheffing uitgesluit)	Aansoekvorms moet teen 28 Februarie 2019 terugbesorg word. U bly verantwoordelik vir betaling tot u skriftelike in kennis gestel is van die uitslag van u aansoek.
<input checked="" type="checkbox"/>	Leerders met keuse vakke (RTT, IT en VBS)	R450 per jaar - verpligtend	Hierdie heffing vorm nie deel van vrystelling nie.
<input checked="" type="checkbox"/>	Ammanuense en konsessie	R2000 per jaar vir Ammanuense R1000 per jaar vir konsessie	Hierdie heffing vorm nie deel van vrystelling nie.

- Neem kennis dat aansoeke om Volle- / Gedeeltelike Vrystelling persoonlik by die Debiterureklerk afgehaal moet word en weer terug besorg moet word. Die in- en uitteken van hierdie dokument is belangrik.

Onderteken te _____ op hierdie _____ dag van _____ 20 _____

Naam en Van

Handtekening



SOUTH AFRICAN SCHOOLS ACT, NO 84 OF 1996
REGULATIONS FOR THE EXEMPTION OF PARENTS FROM PAYMENT OF SCHOOL FEES

CHECKLIST FORM

(Mark with a cross in applicable box)

- | | | | |
|----|--|-----|----|
| 1. | Has the principal informed you about the amount of the annual school fees to be paid? | YES | NO |
| 2. | Has the principal informed you that you are liable for the payment of school fees unless you are totally exempted from paying school fees? | YES | NO |
| 3. | Has the principal informed you about your right to apply for exemption from paying school fees? | YES | NO |
| 4. | Do you wish to apply for such exemption? | YES | NO |
| 5. | Do you wish to be assisted in making such application? | YES | NO |
| 6. | Has the principal provided you with the form for application for exemption? | YES | NO |

Nota:

Naam en Van

Handtekening



DEBIETORDEROPDRAG

AANSOEKER / REKENINGHOUER

Naam & Van	
ID-nommer van rekeninghouer	
Adres	
Telefoonnommer	

AFTREKKING T.O.V SKOOLGELD VIR

	1ste leerder	2de leerder	3de leerder
Naam en Van			
Graad			
Rekeningnommer			

BANKBESONDERHEDE

Bank		Naam van Tak	
Rekeningnommer		Takkode	

Tipe Rekening : Tjek Spaar Transmissie

Ten betaling van die maandelikse premie vir verpligte skoolgelde versoek en magtig ek hiermee om by bogenoemde bank en uit genoemde rekening die bedrag soos bepaal, per leerder per maand te onttrek. Hierdie onttrekking mag vanaf Februarie tot November vir die betrokke jaar gedoen word. Neem kennis dat die debietorder **slegs oor 10 maande gehef word**. Die aanvangsheffing van R1400 word vooraf elektronies/direkte bankinbetaling soos per skrywe aangedui is afgehandel.

Naam van rekening: Hoërskool Fichardtspark, ABSA Tjekrekening: 1570320455, Takkode: 632005.

Gebruik verwysing: Toelating/Rekeningnommer Van en Voorletters.

Ek neem kennis dat hierdie invordering **STIPTELIK** elke maand op die **EERSTE WERKSDAG** van die maand aangebied sal word.

Ek onderneem om die skool **SKRIFTELIK IN KENNIS TE STEL INDIEN EK VAN BANK, BANKTAK OF REKENINGNOMMER VERANDER**, in welke geval die geldigheid van die debietorderopdrag verval.

Ek aanvaar dat dit my verantwoordelikheid bly om toe te sien dat die onttrekking ten opsigte van die skoolgelde gedoen word.

Ek verstaan dat die onttrekking wat hiermee gemagtig word, deur 'n rekenaar verwerk sal word deur middel van 'n stelsel, bekend as die ACB-magneetbanddiens, en ek verstaan ook dat die besonderhede van elke onttrekking op my bankstaat sal verskyn.

Ek stem toe **om enige bankkoste** met betrekking tot hierdie debietorderopdrag te betaal.

Hierdie magtiging kan slegs **SKRIFTELIK**, 30 dae VOOR AKSIEDATUM, deur my gekanselleer word.

HIERMEE VERKLAAR EK DAT EK BEWUS IS DAARVAN DAT EK MYSELF SKULDIG MAAK AAN BEDROG, SOU EK WEDERREGTELIK DIE OOREENKOMS VERSUIM.

NB Skoolgeld is **vooruitbetaalbaar**. U moet dus reeds u **Januarie-salaris** aanwend om die eerste paaiement te betaal. Maak asseblief voorsiening sodat die nodige fondse in u bank is.

Onderteken te _____ op hierdie _____ dag van _____ 20 _____

HANDTEKENING SOOS GEBRUIK VIR DIE ONDERTEKENING VAN TJEKS

LET WEL – INLIGTING AAN AANSOEKER: Indien u debietorder op enige stadium deur die bank geweier word, word die **volle skoolgeld vir die jaar** onmiddellik opeisbaar en betaalbaar soos in punt 1c van die Ondernemingsvorm vir Skoolgeld.